

KENNISGEWING

TOEKENNINGS DEUR SUBKOMITEE A VAN DIE NAVORSINGSKOMITEE TER AANVULLING VAN NA-DOKTORALE GENOOTSAPPE BEFONDS UIT EKSTERNE BRONNE

Agtergrond:

Daar bestaan 'n aantal eksterne befondsingsgeleenthede vir na-doktorale genootskappe, maar sommige van hierdie genootskappe is nie voldoende om die basiese lewenskoste van 'n na-doktorale genoot te dek nie. Subkomitee A het dus besluit om, bo en behalwe die normale volle toekennings vir na-doktorale genootskappe, 'n beperkte aantal aanvullings te befonds vir genootskappe wat uit eksterne bronne befonds word.

Riglyne en aansoekprosedure:

1. Aansoeke moet deur gashere ingedien word en NIE deur na-doktorale kandidate nie.
2. Aansoekers moet voltydse personeellede wees.
3. Die gasheer, of na-doktorale genoot, moet reeds verseker wees van die eksterne befondsing. 'n Kopie van die toekenningsbrief moet aangeheg word aan die aansoek.
4. Na-doktorale kandidate, wie nie hul doktrale kwalifikasie aan die US verwerf het nie, sal voorkeur geniet.
5. Die eksterne toekenning moet ten minste R150 000 wees en nie meer as die volle Subkomitee A toekenning vir na-doktorale genote nie (R200 000 in 2017).
6. Aangesien befondsing beperk is, sal aansoeke op 'n kompeterende basis oorweeg word en sukses sal afhang van die kwaliteit van die aansoek.
7. Die toekenningsbedrag per aanvulling sal bepaal word deur die waarde van die eksterne toekenning, maar sal nie R50 000 oorskry nie.
8. Toekennings sal vir 'n tydperk van een jaar gemaak word, met moontlike verlenging vir 'n tweede jaar onderhewig aan bevredigende vordering deur die kandidaat en indien die komitee se begroting dit toelaat. Die komitee sal hierdie besluit neem op grond van 'n vorderingsverslag.
9. Die templaet waarop aansoek gedoen moet word, is beskikbaar op die webblad van die Afdeling Navorsingsontwikkeling (<http://www0.sun.ac.za/research/befondsing/universiteitsbefondsing.html>). Aansoeke moet in pdf-formaat by me Corlia Richardson (corliar@sun.ac.za) ingedien word.
10. Die sluitingsdatums vir aansoeke is ook beskikbaar op die ANO webblad. Die oproep sal oop bly tot Oktober of totdat die fondse beskikbaar hiervoor opgebruik is.